


# Die suidpool gebied

Maart 8, 22:00  
Maart 22, 21:00  
April 5, 20:00



sterre en planete

# sterre aand

2003 Maart 8




SIMONSVLEI

**Suiders Kruis:** Die kleinste konstellasie, vier helder sterre gerangskik in 'n duidelik herkenbare kruis. Die helderste ster, **Acrux**, is 'n pragtige dubbelster. Die derde helderste het 'n kenmerkende oranje kleur. Die twee **Wysers**, deel van Centaurus die Mensperd, wys na die Suider Kruis. Die helderste een, **Alpha ( $\alpha$ ) Centauri**, is die naaste ster aan ons sonnestelsel, sowat 40 miljoen kilometer (4.4 ligjaar) weg. Soos Acrux is dit ook 'n dubbelster. **Beta ( $\beta$ ) Centauri**, die ander Wyser, is 525 ligjaar ver. **Achernar:** Arabies vir "Einde van die Rivier"; helderste in die sterrebeeld Eridanus die Rivier, wat strek tot by Orion se voete. **Canopus:** Tweede-helderste ster in die naghemel, 310 ligjaar ver, 14 000 maal helderder as die Son. **47 Tucanae:** (V) Sterrehoop met 'n besondere klein helder kern; 15 000 ligjaar. **NGC 2070:** (T) Reuse gebied van sterformasie; "Die Tarantula". **IC 2391:** (B) Groot sterrebondel 450 ligjaar weg, maklik sigbaar met die blote oog. **NGC 2516:** (B) Pragtige groep van 100+ sterre, 1 300 ligjaar weg, sommiges mooi gekleur. **IC 2602:** (B) "Vyf van Diamante" sterrebondel so groot soos twee vol-Mane; 500 ligjaar. **NGC 2808:** (V) Sterrehoop met duidelike kern, nagenoeg 36 000 ligjaar ver. **NGC 3114:** (V) Asemrowende sterrebondel met 'ster-kettings'; 2 900 ligjaar. **NGC 3293:** (V) Mooi sterrebondel, 8 500 ligjaar. **NGC 3372:** (B) Helder newel 9 000 ligjaar ver; ongelooflik ryk in detail met selfs die kleinste verkyker. **NGC 3532:** (V) Groot sterrebondel van 60+ sterre 1 300 ligjaar ver; let op mooi oranje ster naby. **NGC 3918:** (T) "most exquisite and unique object", Blou Planitêre newel, lyk soos Uranus. **NGC 4755:** (B) Herschel se Juwelekissie; pragtige sterrebondel met gekleurde sterre. **NGC 5139:** (B) Omega Centauri, die grootste en helderste sterrehoop, 1 miljoen sterre, 17 000 ligjaar. **"Coalsack":** (B) Naaste donker newel, 550 ligjaar ver en sowat 60 ligjaar wyd. **Groot Kaapse Wolkie/Magelaanse Wolk:** (B) Galaksie wat om ons Melkweg wentel; 180 000 ligjaar. **Klein Magelaanse Wolk:** (V) Galaksie wat ook om ons Melkweg wentel; 210 000 ligjaar.

(B) = sigbaar met die blote oog; (V) = 'n verkyker wys die voorwerp mooi; (T) = 'n teleskoop is nodig vir die beste beeld.

# Die Orion gebied.

Maart 8, 22:00  
Maart 22, 21:00  
April 5, 20:00



Somernagte in die suidelike halfgrond beteken **Orion die Jagter** is sigbaar. Die gordel van die jagter word soms die “Drie Konings” of “Drie Sisters” genoem. **Rigel:** (B) Helderste ster in Orion; blou super-reus; dubbelster; 770 ligjaar; 50 000 keer helderder as die Son. **Betelgeuse:** (B) Van die grootste rooi super-reuse; 800 maal die deursnee van ons Son; 1 430 ligjaar. **M42:** (V) Groot Orion Newel; ongelooflik mooi deur 'n teleskoop; 1 500 ligjaar; 'n massiewe gasnewel van etlike ligjare in deursnee. Benewens die indrukwekkende gloeiende gasmassas, onthul selfs 'n kleinerige teleskoop die “**Trapesium**” sterre geredelik. 'n Knus bondeltjie van 4, (tot 6, met 'n sterk teleskoop) jong sterre, nou “onlangs” (slegs 'n paar miljoen jaar gelede!) gebore uit die newel. Newels is dan ook die geboorteplekke van sterre in die heelal waar hulle uit die gas en stof van die newel “kondenseer”. Soos daar meer gas op een plek konsentreer, kry dit massa. Soos dit meer massa verkry, verhoog die swaartekrag, wat nog meer gas intrek. Mettertyd word die temperatuur en druk in die kern so hoog dat die waterstof atome inmekaar ingedwing word om helium te vorm en die ster begin “brand” deur die proses van kernversmelting, dieselfde beginsel waarmee die waterstofbom gewerk het. **Sirius:** (B) Helderste ster in die lug; die Groot Hond; 8.6 ligjaar. dubbelster **M41:** (V) Vroegste waarneming is deur Aristotle, 325 vC; 2 300 ligjaar. **Procyon:** (B) Die Klein Hondjie; 11.4 ligjaar. **NGC 2232:** (V) 'n Groot sterbondel; 1 300 ligjaar. **M50:** (V) Sterbondel 3 000 ligjaar ver. Die **Tweeling**. **Castor:** (B) 'n tripelster; 52 ligjaar en **Pollux:** (B) 34 ligjaar. **M35:** (V) Ryk sterbondel. **Aldebaran:** (B) Helderste ster in Taurus; rooi; nie deel van die Hyades sterbondel nie; 65 ligjaar. **M44:** (V) Praesepe, “Beehive” sterbondel; 577 ligjaar. **M67:** (T) 500+ sterre saam; een van die oudste sterbondels; 2 350 ligjaar. **M48:** (V) Mooi sterbondel; 1 990 ligjaar.

(B) = sigbaar met die blote oog; (V) = 'n verkyker wys die voorwerp mooi; (T) = 'n teleskoop is nodig vir die beste beeld.

# Die spacekaart

- Sterrebeelde en die melkweg
- Die Maan
- Planete
- Komete
- Verskietende sterre
- Dubbel sterre
- Veranderlike sterre
- Sterrebondels
- Sterrehope
- Donker newels
- Helder newels
- Planitêre newels
- Galaksies

# Toerusting?

- Blote oog
- Verkykers
- Teleskoop

## Sluit gerus aan!

Die ASSA (Astronomical Society of Southern Africa), gestig in 1922, bestaan uit beide amateur en professionele sterrekundiges. Weens die internasionale aard van sterrekunde is die voertaal van die vereniging Engels.

Membership applications and queries should be directed to Dr Abe Mahomed, ASSA Membership Secretary, PO Box 36219, Glosderry, 7702 [abemahom@iafrica.com].

Entrance fees are R20. The basic membership (R80 per annum) includes: the annual *Handbook*, bi-monthly copies of **mnassa**, the opportunity to join observing sections and participate actively in scientific observations, the opportunity to attend the Society's bi-annual conference, and eligibility for various awards made by the Society.

The “Sky & Telescope” option includes regular fast delivery of the leading astronomy magazine by air from the USA at a significant discount to local prices, and discount of 10% on items such as books, posters, videos and software ordered from Sky Publishing Corporation.